

KERKLIKE TRIBUNALE

Hierdie dokument is opgestel deur die Sinodale Kerkorde Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Kaapland.

Dit mag nie verander word sonder die skriftelike toestemming van die Sinode van Noord Kaapland nie.

1 INLEIDING

Reeds by die Algemene Sinode 2004 is voorgestel dat Kerklike Tribunale (Kyk na "*Bylae 3 uit die agenda van die buitengewone vergadering van die algemene regs kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, gehou by die Achterbergh konferensiesentrum te Krugersdorp op 8 November 2006*"). Dié bylae is aangeheg as **BYLAE 1** op bladsy 70 van die Agenda Ned Geref Kerk Noord-Kaapland Buitengewone Sinode 2007) wat kollektief oor uitgebreide kundigheid en ervaring op die terreine van geskilbeslegting, kerkreg, arbeidsreg en gemene reg beskik, voortaan geskille, dissiplinêre ondersoeke en sake rondom bevoegdheid van predikante in behandeling moet neem en uiteindelik uitspraak moet gee.

Dit is duidelik dat die Algemene Sinode met die skep van *Kerklike Tribunale* 'n kerklike regstelsel en -regspraak vestig. Sodanige regspraakstelsel moet noodwendig beide kerklike en burgerlike wette omvat.

Hiermee word 'n beduidende verskuiwing voltrek: van die 'regspraak' van Christus na 'n gesentraliseerde 'kerklike regspraak'. In die 'regspraak' van Christus gaan dit om die stem van die Goeie Herder, oor die vergifnis, regverdiging en heiliging deur ons Here en sy Gees, soos Hy aan die Woord kom in die bediening daarvan, veral deur die ouderlinge in hulle samekomste in die Kerkraad en Ring. In die plek hiervan kom nou 'n *Kerklike Tribunaal*. Sodoende ontnem die Algemene Sinode sonder stamp of stoot die ouderlinge (in Kerkraad en Sinode) van hulle Skriftuurlike regeeropdrag.

Op hierdie manier het die Kanonieke Reg in die Rooms Katolieke Tradisie, wat uiteindelik uitgeloop het op die Inkwisisie, wat gehoorsaamheid aan kerklike wetgewing by wyse van kerklike regs ondersoek en -spraak afgedwing het, beslag gekry. In hierdie Tradisie beteken *Tribunaal* letterlik die stoel of verhoog agter die altaar vanwaar die Biskop bindende kerklike regspraak uitgeoefen het. Dit lyk dus asof die Algemene Sinode met die daarstel van *Kerklike Tribunale* die Rooms Katolieke oortuiging binnehaal.

Die Biskoplike regspraak het inderdaad die Christelike regspraak *geklerikaliseer* en op 'n dwaalweg laat beland. By die Algemene Sinode se *Tribunale* is dit wel so dat die samestelling daarvan blyke gee dat die amp van leraar, synde die meerderheid, oor ander ampte heers en dus in die hand speel van 'n klerikale of ampsregspraak. In die mate waarin die *Tribunale* ook die arbeids- en gemene reg moet beheers, is die teenoorgestelde eerder waar: die Christelike regspraak word in hierdie geval eerder *gesekulariseer*. Ook hiermee kies die Algemene Sinode vir 'n dwaalweg.

Hierdie sentralisering van kerklike regspraak in *Tribunale* het geen Skriftuurlike gronde nie en kan dus nie aanvaar word nie. Ander probleme waarop ons ter inleiding wil wys, is die volgende:

1. Die Christelike tughandeling begin met die onderlinge vermaning waaruit Woordverkondiging en vermaning in die erediens voort vloei. Hoe is die gedagte aan 'n kerklike tribunaal hiermee te rym?
2. Die toon is onmiskenbaar die van burgerlike regspleging in plaas van Christelike pastorale bewoënhed/ besorgdheid oor 'n sondaar wat weier om hom/haar te bekeer.

3. Die indruk is dat dit hier gaan om oortredings teen/ongehoorsaamheid aan die kerk in plaas van die "Christelike bestraffing" van die sonde.
4. Die toon is van so 'n aard dat dit die indruk wek dat sondes/oortredings gestraf moet word, eerder as dat die proses berou en bekering ten doel het.
5. In 'n kerklike tribunaal sal ampte oor mekaar begin heers – ampsdraers word vir ('n) termyn(e) aangewys wat van hulle (semi?) permanente opsieners (biskoppe) maak. Dit bring die koningskap van Christus in die gedrang.

2 BEREDENERING:

Wanneer die Dordtse Kerkorde oor die tug handel, word daar van "Christelike straffe" gepraat. Met die verloop van die tyd het ons begin om eerder van die "kerklike tug" begin praat (Kerkorde Artikel 59). Met laasgenoemde term (tug) het ons nie soseer 'n probleem nie maar wel met die eerste term. Die probleem is dat die kerk (as instituut) in plaas van Christus uitgangspunt word. Die tug word geïnstusionaliseer en op die wyse los gemaak van Christus. Prof B. Spoelstra (Geref Kerkreg en Kerkregering (GKSA) 1989) verwoord die probleem so: "In die lig van die sterk institusionele betekenis wat die woord 'kerk' die afgelope twee eeue verkry het, klink dit asof tug handeling van die sigbare kerklike organisasie behels. Enige organisasie, vereniging, genootskap of klub kan 'n "lid" op sterkte van magte, bevoegdhede en gronde wat in sy konstitusie beskryf is, dissipliner of uitban. 'Kerklike tug' sou dan iemand dissipliner omdat hy met die kerkraad, 'n sinodebesluit, 'n interpretasie van Kerkorde of kerklike tradisie in botsing gekom het. Wie die kerk basies soos die kollegialisme as organisasie beskou, lê klem op eenvormigheid of 'orde in die kerkverband'. Hierdie uitgangspunt identifiseer gehoorsaamheid aan 'n 'kerk' in sy vergaderinge met gehoorsaamheid aan Christus."

Die gedagte dat die kerk 'n gewone "samelewingsverband" is wat soos enige ander sodanige instituut sy eie reëls opstel, kom uit die dampkring van die rasionalisme. Die rasionaliste leer dat die kerk 'n eie regspersoon is wat gewoon deur vrye assosiasie van mense ontstaan. Die tug word dan beskou as 'n handeling wat namens die lidmate van die kerk deur middel van kerklike amptenare uitgeoefen word. Wie met die wil van hierdie vrye assosiasie of genootskap bots, "kom soos 'n politikus teenoor die party te staan met wie se kookus hy verskil" (Spoelstra).

Die Roomse stelsel met sy boetedoening, interdik en ban het gehoorsaamheid aan die pous afgedwing. Ongelukkig neig die kerklike tug ook dikwels daarna om "kerklike besluite" af te dwing. Die Christelike tug moet egter versoening as doel hê en moet steeds onthou dat die enigste werklike oordeel slegs God toekom.

Die koninkryk van God, waarvan die kerk 'n bepaalde gestalte is, is 'n monargie. Dit is die Here God self wat al die regering en heerskappy in **Sy** kerk/gemeente uitoefen. Nederlandse Geloofsbelydenis 27 leer dat Christus "enigste algemene Opsier en die enigste Hoof van die Kerk" is (sien ook Heidelbergse Kategismus Sondag 21 en Kerkorde Artikel 3). Die kardinale vraag is **nie**, en mag dit nooit wees nie, of iemand aan die kerk ongehoorsaam is of was nie, maar die enigste vraag moet wees of hy hom teen die Koning, Jesus Christus, verhef.

Die kerk is die volk van God wat deur Christus ten duurste met sy kosbare bloed losgekoop is uit die slawerny van die sonde. Christus is hulle Koning en hulle gehoorsaam sy Woord. Hulle is nie bloot lede van een of ander organisasie wat deur vrye assosiasie tot stand gekom het nie. Christus self het hulle tot sy kerk toegevoeg. Die kerk is dus nie in die gewone sin van die woord 'n instituut nie – dit is die liggaam van Christus. Calvyn sê dat die kerk die moeder is van hulle wat God as Vader het.

Iets van bogenoemde gedagtes hiervan leef nog na in Kerkorde Artikel 60: "Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap". Hiermee saam moet Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord

123 gelees word: “Wat is die tweede bede? Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees”. Sonder die bede word die tughandeling tot gewone dissiplinêre optrede.

Dit is duidelik: die “*Regnum Christi*” (Calvyn) is die sentrale begrip waarom dit gaan. As ons kritiek het teen die Kerkorde in sy huidige vorm (die institusionalisering van die tug), geld dit des te meer van die hele gedagte van ‘n kerklike tribunaal. Dit is van kardinale belang dat ons sal begryp dat slegs Christus die tug mag uitoefen en nie mense nie.

Onderlinge vermaning vorm die fondament vir die uitoefening van die Christelike tughandeling (Mat 18:15). Die onderlinge vermaning is ‘n wesenskenmerk van die liggaam van Christus (1 Kor 12).

Die Christelike tughandeling gaan uitsluitlik oor die vergewing, al dan nie, van sondes. Met ander woorde, dit gaan in werklikheid om die bediening van die versoening in Christus Jesus. In Mat 16:19 en 18:18 asook in Joh 20:23 word die woorde bind en ontbind, sondes hou of nie hou nie, insluit of uitsluit uit die koninkryk van God gebruik. Dit gaan duidelik hier om die bediening van versoening en vergiffenis van sondes. Wanneer daar in ‘n gemeente geen onderlinge en/of “amptelike” tug bedien word nie, kan die gemeente van liefdeloosheid beskuldig word omdat dit impliseer dat die gemeente die sondaars in haar midde liefdeloos aan die toorn van God oorlaat. Spoelstra stel dan ook voor dat die artikels in die kerkorde wat oor die tug handel, eerder onder die opskrif “bediening van die versoening” behandel sal word as onder die opskrif “kerklike tug”.

Die evangelie word immers verkondig sodat ons (die sondaar) tot geloof sal kom. Waar dit gebeur gaan die poorte van die koninkryk oop. “Aan almal wat met ‘n ware berou en opregte geloof hulle toevlug neem tot hulle enigste Verlosser en Saligmaker Jesus Christus, (word) die volkome vergifnis van sondes (verkondig) (Rom 8: 1, 1 Joh 1:9 ensovoorts); maar aan elkeen wat in die sonde volhard en die genade verwerp, ... (word) verkondig dat die toorn en straf van God op hom bly solank hy in die sonde volhard (Handboek vir die Erediens). In die verband word die geykte uitdrukking: “Die Sleutels van die Koninkryk” gebruik. Die tughandeling gaan nie oor straf nie, maar wil die persoon roep tot bekering. By die tughandeling behoort dit nie te gaan om lidmaatskap van ‘n “kerk” nie, maar om iemand se verhouding tot God en/of die liggaam van Christus. (Ons kies om hier die term “liggaam van Christus” te gebruik en nie “kerk” nie om daarmee duidelik te maak dat dit nie om die instituut gaan nie, maar uitsluitlik om Christus.)

Dit is duidelik dat die tug met pastorale deernis geskied. Christelike tug is nie en mag nooit vergelding of straf wees nie. Ons verkies daarom ook om die woord “tug” eerder as “straf” te gebruik. Die woord kom van ‘n ou Nederlandse woord wat regtrek, opvoed, weghou van kwaad beteken. Baie het die idee dat Calvyn ‘n streng uitoefening van die tug bepleit het. Die waarheid is egter dat hy self na 2 Kor 2: 7,8 verwys het en uitdruklik te streng optredes afgekeur het. Volgens Calvyn moet die tug met versigtigheid en matigheid geskied, sodat koring nie saam met onkruid uitgetrek word nie (Institusie IV.12.xi). Hy verwys ook na Augustinus wat ‘n “barmhartige optrede” ten tye van die uitoefening van die tug bepleit het. Die Sinode van Dordrecht 1578 het die tug noodsaaklik geag om die “sondaar met God en sy naaste te versoen en die ergernis uit die gemeente van Christus weg te neem”. Dit is ons oorwoë mening dat die tug slegs sin maak wanneer dit soos in 1578 geformuleer en verstaan is. In hierdie kerkorde beteken “kerk” die gemeente waarvan die Hoof Christus is wat sy gemeente regeer onder leiding van ampte. Dit is die gelowiges as deel van die liggaam van Christus wat aanstoot neem aan sonde en ly onder die sonde van elke lid (1 Kor 12:26). Ons het deesdae so individualisties geword dat ons nie begryp dat die

gemeente deur ons sondes beïnvloed word nie en so die liggaam van die Here siek maak nie. In so 'n situasie ontaard die tug in 'n tipe "verenigingstug" omdat dit dan nie oor sonde en skuldbesef teenoor Christus en die medegelowiges gaan nie.

Christus verleen nie mag, gesag of waardigheid aan mense ter wille van hulle amp nie. Mag, gesag en waardigheid is onlosmaaklik aan die Woord wat bedien word verbonde. Rome maak daarop aanspraak dat die Here biskoppe aangestel het om as "geestelike wetgewers" regulasies op te stel. Wie daaraan ongehoorsaam is, sondig teen God en die kerk.

Calvyn se standpunt is dat uitsprake van sinodes tyd-, persoon- en situasiegebonde is. Dit moet omsigtig en krities hanteer word en dit kan slegs dan afgedwing word wanneer dit die toets of dit met die Skrif ooreenstem, deurstaan het (Institusie IV.9.viii,xiii). Slegs die Woord van God kan bepaal wat sonde is en wat nie. Dit is wel so dat daar van tyd tot tyd kerklike maatreëls getref moet word, om orde te verseker. Die vereiste is egter dat hulle nuttig en min in getal moet wees en hulle kan nooit die gewetens van mense bind nie (Nederlandse Geloofsbelydenis 32).